

Welvaart: Meer as belasting is op die spel

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Twee mense vra my verlede week om te help met belastingbeplanning. Groot was die verbasing toe ek vra, hoekom? “Ek betaal te veel belasting, ek wil minder belasting betaal,” kom die verdwaasde antwoord. Wel, was my reaksie, jy kan twee dinge doen: verdien minder en spandeer minder. Jy kan nie veel anders nie.

Ja, ek weet ons word tot oor ons ore belas. As jy hard werk word jy “gestraf” met hoër belasting. En dit wat oorbly kan jy nie sommer net uitgee nie, want dit trek nóg belasting: invoerbelasting, BTW, hereregte, ensovoorts. Jy kan nie eens jou geld of bates weggee nie, want dan kom geskenkebelasting en/of kapitaalwinsbelasting. Al klou jy aan alles tot jy doodgaan, groet Jan Taks vir oulaas met boedelbelasting.

Ondanks dit alles is belastingbeplanning minder belangrik. Nie onbelangrik nie, maar minder belangrik. Belasting is maar een van vele finansiële risiko’s wat in ag geneem moet word wanneer jy finansiële beplanning doen. Pleks van belasting, fokus op dit wat belangrik is: die skep van welvaart, versorging van naasbestaandes en (eers dan!) die beperking van belasting.

Om dit anders te stel, moenie dat die belastingstert die beplanningshond swaai nie. Ons is al so voos geslaan deur belasting dat ons maklik fokus kan verloor en enigiets aangryp wat net klink na belastingbesparing. Loop lig.

Hier is enkele gedagtes om aan te herkou.

Aan inkomstebelasting kan jy weinig doen. Jou enigste “beplanning” lê in die vrystellings en aftrekkings. Alles word wetlik voorgeskryf, en toepassing van kennis is nodig, nie soseer “beplanning” nie. Jy kan byvoorbeeld jou belasbare inkomste beperk deur die volle toegelate 27,5% (of R350 000) van verdienste of belasbare inkomste in ’n pensioen of uitree-annuiteit te spaar. Jy kan ook geld aan sekere organisasies skenk om jou belasbare inkomste te beperk.

Belasting op beleggingsopbrengs kan jy beperk deur nie meer in rentedraende instrumente te belê as wat vrygestel is nie en in sogenaamde belastingvrye spaarprodukte te belê. Of jy kan, as jy byvoorbeeld in die kategorie van 41%-marginale koers val, jou beleggings in ’n polisbaadjie toedraai, waar die inkomstebelastingkoers net 30% is. Maar dis omtrent al.

Wat van die gebruik van trusts om inkomstebelasting te verminder? Nee wat. Eerstens moet jy afstand doen van wat joune is as jy jou geld (of bates) na ’n trust toe oordra. En jy moet skenkingsbelasting betaal of belasting op ’n rentevrye leningsrekening as die trust nie geld het om dit by jou te koop nie.

’n Trust betaal inkomstebelasting teen 41%, tensy die inkomste uitkeer aan begunstigdes anders as jy, maar dan moet jy besef dat daardie begunstigde nou die reg op daardie inkomste het. Nie jy nie en nie die trust nie. Trusts is nuttige instrumente in finansiële beplanning in die breër sin. Maar as jy net op belasting fokus, kan dit ’n slang wees wat wag om te pik.

Andersins? Jy kan belasting bespaar deur minder uit te gee en meer te spaar.

■ Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen